

Skriflesing: Lukas 2:1-20

Teks: **Lukas 2:11, 14**

Sing- Ps. 68:9; Ps. 103:1; Ps. 106:2; Sb.4:1,5 (Sb.4-4:1,5)

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- ons kan 'n hele paar ooreenkomste raaksien tussen die geboorte van Johannes die Doper en die geboorte van Jesus Christus. Elizabeth het geboorte gegee aan 'n seun (1:57), Maria gee geboorte aan haar eersgebore Seun (2:7). Elizabeth se bure was baie bly (1:58), by Jesus sê die engel *ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap*. By die geboorte van Johannes was daar verwondering- 1:63- *En almal was verwonderd...* By die geboorte van Jesus is daar weer verwondering- 2:18- *En almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat deur die herders aan hulle vertel is*. Die ooreenkomste hou net aan, want lees ons by Johannes se geboorte dat saam met die verwondering is daardie besondere saak wat ter harte geneem word... (1:66- ons gaan by die 2de erediens meer in besonderhede hierna kyk...) By die geboorte van Jesus lees ons ook van die mens wat dinge ter harte neem- 2:19 – *Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink...*

Aan die eenkant sien ons hierdie groot ooreenkomste tussen wat met Johannes se geboorte gebeur en wat direk hierna in verband met Jesus se geboorte gebeur, maar geliefdes, wat ons vandag ook gelees het, sou by die geboorte van Johannes nie kon gebeur nie. By Johannes se geboorte dan is die bure en die bloedverwante bly, maar by Jesus is die reaksie nie tot bure en familie beperk nie. Ons het 'n blydskap wat universeel groot sou strek. Die kosmos, die hele wêreld kom in reaksie as Jesus gebore word. Engele, herders, sterre wyse manne. Vanuit alle windrigtings het ons verlede Sondag gesien...

Vanuit hierdie reaksie wat die wêreld omsluit moet ons vandag hierdie engele lied naby ons ore bring. Luister mooi wat hier gesing word want die woorde is ook vir jou en my geskryf. Die sangers uit die hemel sing woorde wat ons moet aangryp maar hierdie woorde kan ook misverstand veroorsaak. Ons hoor in hierdie lied eintlik drie dinge, drie reëls, die eerste reël praat van (1)Eer aan God, (2)Daarna is hier van vrede sprake (3) Daarna word genoem welbehae in die mense, of soos wat dit ook direk vertaal kan word- *in mense van welbehae*.

Eer aan God:

Die lied volg na wat in vers 11 aangekondig was.... *dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is...* Hierdie is 'n besonder buitengewone aankondiging. Dink maar hoe werk aankondigings gewoonlik. Dit gaan gewoonlik met spanning vooraf, dit vra mense se aandag, dit is gewoonlik iets wat

onmiddellik ná gekyk word en dan is dit ook maar weer gou verby. Dit wat vandag groot nuus is, is oormôre ou nuus.

Met die aankondiging van die engel is dit heel anders! Die aankondiging het net nog geen greintjie van sy aktualiteit kon verloor nie. Ons kan hierna luister asof dit op hierdie oomblik vir ons aangekondig word. Ons besef dat wat die engel sê staan aan herders gerig maar die herders staan nie alleen daar in die nagtelike veld los van wat in die wêreld om hulle aan die gang is nie. As die engel net hierdie enkele sin uitspreek- *dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is...*

Onmiddellik hoor ons die engel dit sê, dat hierdie is nie maar net die aankondiging van 'n geboorte nie, maar hierdie geboorte is **VIR JULLE...** Dit is nie maar bedoel vir die paar herders wat in die nag se stille wag, deel van die velde, hierna kon luister nie, maar vir julle wat vanoggend hier is, vir ons almal hier, is dit 'n aankondiging wat my dadelik na myself laat kyk. Praat die Here met my, hoekom met my, wat het ek gemaak, my naam, my adres in engele mond! Kan dit wees?! Ja, dit kan wees, broeder en suster, dit is met jou en my waarmee God praat. Dit wat God sê deur sy engele mond is elke woord bedoel om aan God die eer te gee.

Dit gaan nie om die eer van mense nie, maar dit gaan om die eer van God. Laat ons dit duidelik stel dat wanneer 'n mens dit besef dan staan jy by die geheim van Kersfees. Hier is twee gedagtes, twee woorde wat Kersfees sy betekenis gee. **Eer** en **vrede**. Beslis ook in hierdie volgorde. Daar kan nie vrede wees en daarna kry God sy eer nie. Nee, eers as God sy eer kry, eers dan sal daar van vrede sprake kan wees! Dit moet ons baie goed begryp.

God se eer is van die begin van sy Woord dit waaroor alles gaan. Graag dink ons as mense dat die geboorte van Christus dien tot ons verlossing. Ja, dit is waar, maar wees dadelik versigtig om te dink dit is waaroor dit vir God alleen sou gaan. God se eer staan al op die bladsye van Genesis 3. Verlede Sondag het ons dit al wou onderstreep dat Christus se geboorte kan nie van Genesis 3 losgemaak word nie. Die feit dat Christus in doeke toegedraai word staan in verband met die eerste mens wat skaam was omdat hy kaal was. Weer is die engele mond wat die aankondiging maak en soveel te meer die menigte engele wat sing, nie daar om die mens in hulle gehoor te wil streef nie, dit is nie maar net pragtige musiek en mooi engele sang in hulle duisende stemme wat die nag inklink nie, maar dit alles

gebeur omdat daar in Genesis 3 'n moederbelofte was. Dit alles gebeur om aan God en sy beloftes die eer te gee.

Die mens kry hier geen eer nie, net God kan geëer word. Die engel wat vir die herders, maar so vir alle mense sê -VIR JULLE ...IS GEBORE...laat ons dit duidelik hoor, agter hierdie VIR JULLE staan 'n tragiese berg van sonde en skuld. Julle het 'n Redder, 'n Verlosser nodig. In die nag sou elke mens met skaamte sê, ja hy moes ook vir my kom, kyk hoe lyk my lewe, kyk hoe lyk die wêreld waarin ek lewe, kyk hoe gaan dit waar ek dink ek dit beter moet maak. Ek kan nie!

Ja, die engele sing om aan God die eer te gee, want het ons gesê daar is 'n moederbelofte wat daar op die herder velde in die prentjie kom. Christus is die vervulling van hierdie belofte. Die belofte wat sê –Gen. 3:15: *Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Wie dit besef dat die engele se lied wat die eer van God vooropstel juis nie na ons verwys nie, maar na God. Die groot saak wat die herders en ons moet hoor, is nie wat beteken Christus se geboorte vir jou nie, maar die groter vraag moet wees, wat beteken Christus se geboorte vir God? As ek nie hierby begin nie, as ek nie kan antwoord wat Christus se geboorte vir God sy Vader beteken het nie, dan moet ek nie eers probeer om die tweede reël van die sangers uit die hemel te verstaan nie. Dan sal ek van VREDE OP AARDE niks verstaan nie

Die hemelse eer wat God alleen toekom, dit wat die engele besing is die feit dat die vrouesaad is nou meer as saad... die saad het Mens geword. Die vrouesaad is Christus. Hy het die slang oorwin. Ja, geliefdes ons moet Genesis 3 mooi na kyk. Wanneer God die verlossing van die mens die eerste maal bekendmaak, dan praat God met die slang, God praat nie met die mens nie. Dit is asof dit wat die mens direk raak, nie met die mens bespreek word nie. Dit gaan nie in die eerste plek om die mens nie, dit gaan om God, dit gaan om God se eer. Hierdie belofte word aan die slang gemaak. *Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.* God maak dit 'n belofte, dit word die moederbelofte wat in sy kern die wese van elke belofte wat God nog weer sou maak sou bevat. Geen belofte van God sou ooit van die moederbelofte geskei kon word nie. Ja, hierdie sou wees die moeder van al God se beloftes! In hierdie belofte word daar oorlog verklaar, oorlog nie teen die mens nie, maar téén Satan- *Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad.*

God het net een vyand, dit is die Satan. Ja, die mens het gemaak dat Satan 'n oorwinnaar kon word. Die mens het vir Satan gekies en hom geglo. Die mens het God nie geëer nie. Eers was dit God en die mens téén Satan, maar die die duiwel het deur die mens sy strategie kon verander. Nou is dit nie meer God en die mens teen Satan nie, maar dit is Satan en die mens, saam téén God. God sou dit nie kon toelaat nie. Hierdie nuwe vriendskap wat die mens gesmee het, kan God daarmee vrede maak. Née, God sal hierdie verkeerde vriendskap verbreek. Hy sal vyandskap stel. Vyandskap tussen die slang en die mens. Juis deur hierdie vyandskap wat God Self nou daargestel het, deur hierdie vyandskap gaan God oorwin.

Geliefdes, dit is wat die herders in die ope velde moet hoor, dit is wat die sangers uit die hemel ons laat hoor, God moet die eer kry want God se vrede gaan deurbreek. God se vrede kom ter sprake wanneer God sy vyandskap teen Satan tot oorwinning sal deursoek. Die saad van die vrou, Christus, Hy sal oorwin. Hy sal die slang sy kop vermorsel. So kry God sy eer deur wat God Self gedoen het. Dit alleen kon die tweede deel van die engele lied moontlik gemaak het- ons tweede gedagte-

Vrede op aarde:

Daar is nie 'n land op aarde waar daar nie Kersfees gevier word nie. Die engelesang is eintlik vir die mens beskikbaar al word ons elke keer hier diep getref. Die vraag kan seker gevra word waarom het die mens daardie nag van die geboorte nie self gesing nie?! Dit is tog die mens se verlossing wat nou gaan plaasvind. Dit is wat die groot aankondiging in v.11 duidelik maak. *vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is...* Maar die mens kan nie sing nie! Die mens sing nie, want die mens weet nie.

Eers as dit oor hierdie aarde Pinkster geword het, eers toe die Heilige Gees uitgestort was, toe eers het die mens oor die groot daad van God kon praat. By die geboorte van Christus, ook by die opstanding en hemelvaart is die mens deur engele voorafgegaan. Toe kon die mens nie sing nie. Die gemeente wat nie meer engele nodig gehad het nie, die kerk sonder die engele liturgie, is eers met Pinkster gestig.

Tog verswak dit niks aan dit wat die engele besing nie. Juis nie! Ons het gesê die twee groot woorde waaroor dit alles vir ons nog elke keer weer oor moet gaan, ERE en VREDE. ja die mens praat graag oor vrede, maar die ware vrede kan die mens eers oor praat as hy/sy van die ere kon praat. En nou die vrede...vrede op aarde. Daardie stukkie aarde waar dit besing

word, is ironies genoeg 'n stuk oop veld. Die engele gaan nie na die tempel in Jerusalem of die raadsaal van die Sanhedrin nie. Wanneer uitsoek kore kom optree, dan wil ons hulle in die stede hoor, maar die engele gaan nie na Athene of na Rome nie, selfs nie eers na Jerusalem nie, maar na herders in die oop veld wat in die nag oor hulle skape wag gehou het.

Ja, herders is die mense wat baie keer alleen, moeg en vuil nagte met hulle skape moet deurworstel. Vir 'n herder in die tyd wat die engele sing was dit moeilik gewees. Daar was wetgewing in Israel dat hierdie tipe van mense wil jy nie as jou bure of jou skoonseun hê nie. Hulle getuienis is in howe by voorbaat as onder verdenking gestel. God kies herders uit om die groot boodskap, die vrede-op-aarde boodskap, te boodskap. Hoekom? Die mense wat moeilik hulle godsdienstige verpligtinge kon nakom, wanneer ander die sinagoges besoek dan was hulle maar nog agter die skape. Wie gaan die skape oppas, skape wat nie na hulleself kan kyk nie. Tog laat God hulle, die herders dit eerste hoor. Hulle wat dit die nodigste het, hulle hoor dit eerste. God kies sy kinders en Hy ken sy kinders.

Ja, ons gelese hoofstuk laat ons die verskriklike afstande, die verskriklike verskille tussen mense besef, maar sien raak wat God met die verskille maak. Hierdie hoofstuk begin met 'n wêreldheerser, 'n keiser Augustus. Ons kan ons seker nie 'n grote verskil voorstel as die rykdom van die keiser en die armoede van hierdie skaapwagters nie. Die wyse manne wat met hulle wetenskap rondom die sterre ook hierdie manne in die skadu kon stel, maar wanneer die grootste van gebeure besing word, dan hoor nie die keiser of die wyse manne dit nie, maar daar waar herders is, daar waar die velde oop is. Daar kry God sy eer, daar bind God sy eer aan wat sy vrede moet bring. Die engele laat ons egter goed verstaan die Saligmaker wat in die krip lê, weereens die eenvoud van wat gebeur, Hy is in doeke toegedraai, maar Hy is die Gesalfde (Christus beteken Gesalfde), Hy is die Here. Hy wat Christus die Here is. So lui die aankondiging. Hy die Gesalfde, die Koning. Hy bring vrede wat nie maar aardse menslike vrede kan beteken nie. Hy is in doeke toegedraai, Hy lê in 'n krip, dit is die teken van wat God julle wys.

Dit wat na vrede lyk, warm toegedraai, stil in 'n krip lê Hy, dit is Hy wat die engelesang in sy volle konsekwensies sou verstaan. Hy wat weet die vrede wat die engele besing word deur God se vyandskap teen Satan bewerk. Hy wat later ook sê –Luk. 12:51 ⁵¹ *Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid.* Dit wat Jesus hier sê, is nie in spanning met die engelesang nie. Die tweedrag wat Jesus sê Hy

gaan bring, Hy wat vuur op die aarde gaan werp, dit alles staan weer in lyn met wat God die Vader se opdrag aan Hom was. God stel die vyandskap! Die tweedrag ontstaan om die eer van God. Wie aan God die eer bring, sal altyd in spanning beweeg teen hulle wat God nie eer nie. Die Godvergeters met hulle sonde en ongeregtheid sal nie een wil wees met die wat God eer nie. Daar ontstaan reeds die verdeeldheid, 'n verdeeldheid wat tot eer van God moet wees. Die stryd tussen God en satan, tussen Christus en satan maak dat daar 'n verdeeldheid in hierdie lewe moet wees, 'n tweedrag en verdeeldheid tussen hulle wat God die eer gee teenoor hulle wat God nie eer nie. Dit gaan op die einde oor die mense wat God sê *in die mense 'n welbehae*. Ons laaste gedagte gaan oor-

In mense van welbehae:

Dit gaan oor die mense in wie God sy welbehae laat vind. Welbehae beteken God het in hulle vreugde wou bring, daarin sit vir God 'n welgevallen laat die een Duitse vertaling ons lees- *an den Menschen ein Wohlgefallen!* Hierdie woord welgevallen hou in die Grieks verband met dit wat plesier verskaf. Ja, dit staan direk in verband met Ef.1:5- *deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil.*

Ons kan dit probeer saamvat deur te sê dat God het aan die uitverkorenes, sy gunsgenote, die mense in Wie God 'n behaie het, die betekenis van sy ere en sy vrede bekend gemaak. Daar is 'n geheimenis, 'n verborgenheid aan hierdie lied gebind. Ons kan uit onself nie die sangers uit die hemel verstaan nie. Dit is soos wat Openbaring ook skrywe dat niemand kon die lied uit die hemel leer nie, behalwe die 144000. Alleen hulle aan wie God die betekenis van die lied wil openbaar, alleen hulle sal dit kan begryp. Hier staan ons vandag by herders in die ope velde, mense wat ander sou oordeel, julle kan nie verstaan nie, maar vir sulke mense sê die Here, dit wat God vir wyse en verstandige mense verberg het, maar aan kindertjies geopenbaar het.

Die Heilige Gees moet ons hierin lei, anders sal ons nie verstaan nie. Dit wat dit beteken om aan God die eer te gee, om in die vrede van God te lewe, juis in wat die moederbelofte as God se vyandskap gestel het. God se vyandskap teen die satan wat die hakskeen gryp, bring God se vrede vir hulle wat Hy hom in hulle verbly. Die God wat sy vyandskap tot oorwinning gevoer het. Die doeke en die krip wat die teken was wat die Kindjie ingelei het, Hy is hierdie lewe uitgelei deur 'n kruis en deur die dood. Weereens het God vyandskap wat

daar was, sy oorwinning gemaak. Christus het uit die dood opgestaan, toe sy vyande dit nie verwag het nie.

Ons verstaan van vrede is 'n vrede vir God se gunsgenote. Eendag sal ons dit ontvang. Daar is nog baie vuur op hierdie aarde. Vuur deur God hier gewerp. Vuur wat deur God aangesteek word, teen hulle in wie Hy nie 'n welbehae het nie.

Terselfdertyd in hulle wie Hy 'n welbehae het, het ons die wonderlike uitsig dat die vrede wat die sangers uit die hemel laat hoor, is nie maar net toekomsmusiek nie. Wanneer ons God se vrede wil dien dan het ons eintlik 'n vyandskap wat ons moet uitdra. 'n Vyandskap teen hulle wat God nie eer nie. Die skakel tussen God se vrede en die mense in wie God sy behae skep, is die mens wat aan God die eer gee. Is die mens wat soos die herders besef laat ons vinnig gaan om te sien die dinge wat gebeur het.

Ons is verwonder, ons is bly, ons het baie om in ons harte weg te sit. Die herders het net die Kindjie in die doeke gekry, ons stap verby die doeke, verby die krip, verby die herders, verby sy kruis, verby die graf, want Hy lewe. Hy wat nou sit op die troon van God aan die regterhand van sy Vader. Hy het sy Gees gestuur om sy kerk te stig. Die kerk waar nie engele eerste moet sing nie, maar die mens moet sing om die werke van God te vertel. Om te mag hoor, nie wat Christus se geboorte vir ons beteken nie, maar wat sy geboorte vir sy Vader beteken, dit is waarlik om God te eer, die vrede op aarde te soek, die mense in wie Hy 'n welbehae het. Gee só aan God die eer, dan ken u die vrede waarvan die engele gesing het.

AMEN